Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

11 September 2016

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Die doop word vanoggend bedien aan Ilani Grobler, baba van Dawie en Marike Grobler. Ons heet graag al hulle familie en vriende welkom. Baie geluk ook aan die oupa's en ouma's en ook die grootoupa's en grootouma's.

Skriflesing: Matteus 3: 13 - 17 en
Matteus 12: 15 - 21
Teks: Matteus 3: 17
Tema: God is blydskap en Hy laat ons in Christus ook bly wees!

God is bly en gelukkig! Klink dit vreemd om so aan God te dink? Blydskap en vreugde is nie een van die eienskappe van God wat baie beklemtoon word nie. Tog as mens die Bybel mooi lees dan word hierdie eienskap van God baie duidelik raakgesien. Dawid sing in 1 Kron. 16: 27 - "Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en vreugde vul die plek waar Hy is."

God is bly en gelukkig oor baie dinge! Hy is bly oor sy skepping en die skepping verskaf Hom baie vreugde! (Ps 104). Hy is bly oor sy kinders wat Hom dien (Deut 30). Hy is bly oor Christus wat Hy gestuur het om ons aan sy blydskap te laat deel. Die boodskap wat Christus bring maak God bly (1 Tim 1: 11) en daarom word dit die blye evangelie genoem. Hy berei vir ons 'n ewige en onbeskryflike blydskap voor op die nuwe aarde! (HK 19)

Daarom moet ons geloof in en ons diens aan God ook bars van blydskap! Ons kan en moet bly wees omdat ons glo in 'n God wat bly en gelukkig is en wat hierdie blydskap deur Christus deel van ons lewe gemaak het.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Ps. 105-1: 1, 2 en Lied 571: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 100-1: 1, 3; Votum; Seën;
Loflied Ps. 95-1: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis uit HK Sondag 19, vr 52

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Deut 30: 6 - 20;
Sing Ps. 119-2: 14, 19; Gebed

Woorddiens
Doopformulier; Sing Sb. 16-1: 1, 2; (kleuters gaan na hulle bediening); Skriflesing; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps. 104-2: 1, 8, 15, 16; Liefdegawes; Sing Ps. 16-3: 3; Seën; Amenlied Sb.13-3.

GROEPBEDIENING

Vanaand gee ons weer aan al die groepe in die gemeente geleentheid om bymekaar te kom. Daar vergader ook `n groep by die kerkgebou onder leiding van ds. Piet. Hulle kom om 17:00 bymekaar. Bring asseblief jou Bybel en Psalmboek saam.

MEELEWING

- Fanie van Zyl (Groep 37 - 072 141 8316) was die afgelope week in Medi-kliniek opgeneem vir toetse en behandeling.
- Alicia Bruwer (Groep 35 - 082 332 0295) het seergekry terwyl sy perd gery het.
- Willem Riekert (Groep 15 - 082 623 6555) sterk steeds tuis aan en kan al met ‘n loopring oor die weg kom. Van die ander liggaamfunksies wat verlam was, is besig om weer normaal te funksioneer. Ons vertrou dat hy een van die dae op eie bene sal kan staan.
- Johanna Venter (Groep 4 - 082 824 1834) se broer is Maandag onder ‘n nood-operasie oorlede. Ons dink aan hulle familie in hierdie hartseer tyd.
- Marie Saaiman (Groep 5 - 082 532 8668) se broer is die vorige week oorlede - baie sterkte in hierdie tyd van hartseer.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap, herstel en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Srs Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, brs. Isak vd Walt en Tjaart Snyman, Andy en Blossom Pretorius.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Anna Smit (082 765 9813)

BAIE GELUK

Orrie Oosthuizen het hierdie week graad gekry - ons is trots op jou Orrie!

AFKONDIGINGS

Vandag
09:15 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 22
Tee en Koffie
Groepbediening
15:30 Kooroefening
18:30 Ouderlingvergadering

Maandag
18:00 Kersmark

Dinsdag
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
14:00 Milde hande. Die vlytige groep vergader aan huis van Annetjie Vermeulen. Tel: 079 307 7337. Baie welkom!
18:30 Diakonie-dagbestuur

Woensdag
09:30 Bybelstudie
16:30 Katkisasie gr. 9

17:15 Katkisasie gr. 10
17:15 Katkisasie gr. 11
18:00 Katkisasie gr. 8
19:00 Bybelstudie

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 11 September

Sr Anja Buijs	076 410 7436
Br Willem Venter	072 336 8563

Maandag, 12 September

Br Johan Rousseau	076 357 8833

Dinsdag, 13 September

Sr Josephine de Lange	082 756 4380
Sr Alta v Zyl	079 873 7922
Sr Cornè Yssel	082 923 9094

Woensdag, 14 September

Jbr Boeta Claasen	
Sr Christa van der Walt	073 424 3786

Donderdag, 15 September

Br Simon du Plooy	082 453 8630

Vrydag, 16 September

Sr Ria Robberts	082 444 7544
Br Sybrand vd Merwe	082 448 6977

Saterdag, 17 September

Sr Lorette Bester	084 601 0224
Sr Esmari Rood	071 683 0102
Jbr Henlu v As	

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid
- Gawe by die deure vanoggend vir die Teol. skool: Publikasies.
- Gawe volgende Sondag vir die die Voorsieningsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 18 en 19.

KENNISGEWINGBORD

- Frankfort Riviertoer: 30 Nov - 4 Des 2016
- Goeie motor te koop.

DIE SA BYBELGENOOTSKAP VRA ONS HULP MET DIE VERVAARDIGING EN VERSPREIDING VAN BYBELS WêRELDWYD

(sien aparte bladsy vir interesante gegewens oor Bybelverspreiding)

Ons gemeente ondersteun graag hierdie uiters belangrike projek van die Bybelgenootskap wat sorg dat ons die Bybel in ons eie taal kan hê en dit wêreldwyd versprei. Al wat ons vra is dat soveel as moontlik lidmate ‘n pilhouertjie neem en dit deur die loop van die tyd volmaak met R5-muntstukke. Sodra die botteltjie vol is, bevat dit R 85.00 wat genoeg is om ‘n Bybel te druk en te versprei. Op hierdie manier kan ons help dat mense wat nog nie Bybels het nie, ook hulle eie Bybel kan bekom. Sodra die houertjie vol is, bring julle dit terug. **Ons wil graag al die houertjies terug besorg op Sondag, 30 Oktober, met Hervormingsondag**. Dit is tradisioneel die dag waarop ons gewoonlik ons bydraes vir Bybelverspreiding afdra.

Die houertjies is reeds vandag in die voorportaal beskikbaar.

GESAMENTLIKE BYBELLOOP MET ONS BUURGEMEENTES OORKANT PARYSLAAN OP SONDAG, 25 SEPT.

Om stukrag aan hierdie projek van die Bybelgenooskap te verleen gaan ons saam

met die NH Kerk Grimbeeckpark en die NG Kerk Grimbeeckpark op Sondag, 25 Sept, ‘n Bybelloop hou. Hulle gaan ook die projek ondersteun. Dit gaan so werk:

1. Ons gemeente het nie katkisasie op 25 Sept. nie en ons moedig ons al ons lidmate, oud en jonk, aan om na die diens aan die gesamentlike Bybelloop deel te neem. Daardie Sondag kan almal met tekkies erediens bywoon!
2. Die saamlopers van Potch-Oos meld 10:30 by NH kerk oorkant die straat aan en dan stap almal saam tot by die NG kerk. Vandaar stap ons 'n kort roete met Lupinestraat langs.
3. Ons is teen 11:15 terug by die NH kerkgebou waar die saamlopers 'n skyf pizza en botteltjie koeldrank ontvang. By hierdie punt word medaljes van die Bybelgenootskap oorhandig aan almal wat saam geloop het. Teen 11:45 behoort die aksie afgesluit te wees.

Teen Woensdag, 21 September, moet ons getalle deurgee van almal wat saamloop. Die koste beloop R20-00 per saamloper. Die koste is vir die koeldrank, pizza en medalje. SKRYF ASB JULLE NAME OP DIE LYS IN DIE SKUUR AS JULLE WIL SAAM STAP!

KOM ONS VAT VIR SLAG HANDE MET GELOWIGES UIT ANDER KERKE EN DOEN SAAM IETS VIR DIE UITBREIDING VAN DIE KONINKRYK VAN GOD.

BID SAAM MET DIE BYBELGENOOTSKAP

Nieu-Seeland: Bid vir ons “Pass-it-on”-projek wat daarop gerig is om Christene aan te moedig om die Bybel met die volgende geslag te deel. Bid dat ons Bybel-“apps” vir kinders ‘n positiewe impak sal hê. Bid vir ons personeel en Raad.

Stille Suidsee: Vra die Here om asseblief Bybelwerk in hierdie deel van die wêreld te seën. Bid vir die vertaling van die Evangelies in Ba asook dat ons die Bybel in geskikte formate sal kan voorsien aan die verskillende groepe op die 13 eilande wat ons dien.

Papoea-Nieu-Guinee: Bid vir die hersiening van die Tok Pisin Bybel. Bid ook vir die nodige fondse om ons agt Bybelvertalings-projekte in Magi, Vula’a, Koita, Pa, Aekyom, Gogodala, Motu en Yuna te kan ondersteun. Bid veral vir die vertalers wat dikwels in isolasie werk.

Australië: Dank die Here vir al ons donateurs wat mildelik bydra sodat ons nie net die Bybel in ons eie land kan beskikbaar stel nie, maar ook in verskeie lande regoor die wêreld. Bid vir die vertaling van die Ou Testament in Pitjantjatjara, een van ons inheemse tale. Bid vir ons Raad en personeel.

Oos-Timor: Bid dat Bybels vrylik beskikbaar sal wees vir die oorwegend Katolieke bevolking. Bid ook vir die impak van die bybelse boodskap en dat dit mense se lewens sal verander.

Indonesië: Loof die Here vir alles wat ons Bybelgenootskap kon bereik.
Bid vir die vertaling van die Ou Testament in Mori asook die Nuwe Testament in Walak. Bid ook vir ons geletterdheidswerk.

KANSA-PROJEK

Liewe Gemeente
Ons loots weer ons KANSA-projek vir 2016 tot einde Oktober. Elke gesin sal in die tyd ‘n koevert kry waarin julle bydraes kan lewer. Vra gerus ook vir jou kollegas by die werk, familie en vriende. Kom ons poog om met hierdie projek die hele gesin te betrek. Dit is ‘n instelling by ons Oosdoppers om jaarliks ‘n mooi bedrag in te samel vir KANSA en ons vertrou dat ons dit weer hierdie jaar sal doen.
Wanneer julle bydraes gereed is, plaas asb die koevertjie in die kollektesakkie of in die kluis. Vir enige verder navrae praat gerus met Odelia Venter wat aan stuur staan van hierdie projek (083 290 1572).

Van ons gemeentelede wat die kanker-pad al geloop het, gaan ook hierdie jaar in die Dienelkander hul belewenis met ons deel. Hou gerus die Dienelkander dop!

BEROEPBAARSTELLING

Die Klassis KwaZulu Natal Suid maak bekend dat die volgende broeders volgens KO Art 8 deur die Klassis en die deputate geëksamineer is op 6 September 2016.
Na die suksesvolle eksaminering is daar besluit om die broeders beroepbaar te stel in die GKSA.

Br. AJ Burger (Andries); (Sel.No. 0798754153) en Br MM Funeka (Sel.No. 0840973529).

Hulle word die seën van die Here toegebid met die vertroue dat hul spoedig in ‘n gemeente werksaam mag wees.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za

Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Ons wil ook graag ’n vriendelike versoek rig dat u nie op die gemeente se elektroniese sms-stelsel terug antwoord nie, maar asseblief die kerkkantoor bel of ’n e-pos stuur, aangesien dit ’n rekenaar-sms is.

Karel se preke kan ook aanlyn besigtig word by http://karelsteyn.blogspot.co.za/

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANTE & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Ds. Karel: 018 294 3067 / 072 476 8794
Kerkkantoor: 018 290 7690

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Turkstra BAKKERY

ONS SPESIALISEER IN DIE VOLGENDE:

- Fyngebak
- Pasteie
- Koekies
- Beskuit
- Terte
- Kruie
- Speserye
- Bakbestanddele
- S.A. Droëvrugte
- Verpakkingsmateriaal

"Ons bak met passie"

Gouwsstraat 7 Potchefstroom
Tel : (018) 294 4271

Susters

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word **vandag** in die Skuur bedien onder die leiding van Ansa Coetsee (Groep 23), Groep 24 en Erika Rood (Groep 39).

Volgende week skink Mari Steyn (Groep 27), Ment Larney (Groep 29) en Carina Smits (Groep 33) tee.

Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas - so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word verkry uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) en die fondse wat geïn word tydens fondsinsamelingsgeleenthede. Hierdie geld word gebruik om uit te reik na minderbevoorregtes en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee.

SUSTERSAAMTREK 2017

Ons susters bied volgende jaar die Sustersaamtrek aan op 4 Maart 2017. Ons benodig elke suster se hulp om hiervan `n sukses te maak.

Baie dankie aan al die susters wat Dinsdagaand die afskopvergadering bygewoon het. Julle het ons verras! Ons is baie dankbaar vir al die gewillige hande. Ons kan met dankbare harte sê dat ons reeds ‘n spreker gekry het vir die geleentheid het naamlik: Magdal Pienaar-Marais van Pretoria.

Daar is lyste in die voorportaal van die Skuur waarop julle kan aandui by watter afdeling julle sal kan help.

Die kategorieë met die betrokke organiseerders is:

- Program, verloop van die dag en spreker (Rieëtte en Susan);
- Skakelpersoon (Adele Delport);
- Spyseniering (Alta van Zyl en Ina Jordaan);
- Ontwerp (Anna Smith);
- Geskenkpakkies (Hestie Janse van Rensburg en Shantell Andersen); en
- Tafelversierings (Annetjie Vermeulen).

Kontak gerus die bostaande persone of plaas jou naam op die genoemde lyste indien jy van hulp kan wees.

NAGMAAL-ETE

Gemeente, Blok B nooi almal hartlik uit na ons Nagmaal-ete op Sondag, 18 September. Kostes R35 p/p. Skryf asb jou naam en aantal op die lys in die voorportaal van die Skuur - betalings by kerkkantoor.
Spyskaart: Hoenderpastei, patats, beetslaai, groenslaai, noedelslaai en trifle vir nagereg.

KWARTAALPROGRAM

DERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
11-Sep	Sondag	18:30	Blok A	Ouderlingevergadering - verversings
18-Sep	Sondag	12:00	Blok B	Nagmaal & ete

OOSDOPPERTJIE-NUUS

Handelinge 1:8-9 *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."*



Maats,

Verbind die kolletjies en kyk wat kry julle!

Weet julle hoekom ons hierdie Boek so noem? Die naam kom van die Griekse woord "Biblia" af, wat 'boeke' beteken. Hierdie Boek bestaan uit 66 boeke wat saam gebind is, en ons verdeel dit in 2 groepe. Die eerste 39 boeke is een groep en ons noem dit die Ou Testament en die laaste 27 boeke in die ander groep, die Nuwe Testament.

Maar wat is hierdie boeke? Dit is die Here se _____

Dit beteken, dat as ons Bybel lees, is die Here besig om met ons te _____.

Ons gemeente is betrokke by die verspreiding van Bybels. So is ons eintlik vir Jesus "hande" en "voete" op die aarde. Vra vir mamma en pappa om jou deel te maak van hierdie projek en kom stap saam met ons die "Bybelloop" op Sondag, 25 September!